VGKSA HEIDEDAL-SUID
BEKENDMAKING - VAKANTE LERAARSPOS (VOLTYDS)

Die Kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk Gemeente Heidedal-Suid Opkoms (Bloemfontein) maak in biddende afhanklikheid en in afwagting op God die vakature van hul leraarspos aan die gemeente bekend.

GEMEENTEPROFIEL:

Die gemeente is ‘n makro gemeente in die omtrek van Bloemfontein, gelee in Heidedal. Die gemeente bestaan uit +-500 belydende Lidmate en 200 dooplidmate en hoofsaaklik Afrikaans. Die meeste gemeente lede is gelee in die Suide van Heidedal maar ook versprei oor die hele Bloemfontein. Die gemeente vorm deel van die Ring van Bloemfontein. Die gemeente is gestig in 1981 en beskik oor ‘n kerkkantoor. Die eenheid van die kerk, versoening, strewe na geregtigheid en algehele gehoorsaamheid aan Christus as Hoof van die Kerk is die kernsake op die gemeente se agenda.
Visie: Heidedal-Suid – ‘n Geestelike tuiste vir almal waar jy jou roeping in God se Koninkryk kan uitleef.
Missie: Dien die Here, ondersteun mekaar, gee om vir alle mense, versorg die skepping!

BEDIENINGSTRUKTUUR:

Die gemeente maak gebruik van die wykstelsel en het 20 wyke, ingesluit twee buitewyke, nl, Springfontein (140km) en Wepener (121km). Die gemeente het n kinderbediening met ongeveer 70 kinders. ‘n Bejaarde bediening as klub50plus kom weekliks byeen. Die gemeente is saamgestel uit ‘n groot aantal kinders, groot aantal jongmense, groot aantal volwasse lidmate asook baie ouer persone (bejaardes). Die onderskeie bedieninge bestaan uit die CYM, Vrouebediening, Kerkkoor, CAB (Christelike Afhanklikheids Bediening); HDD (Heatherdal Diakonale Dienste); Kinderbond, Lofprysing en aandbidding asook Sondagskool.

INKOMSTEBRON:

Die gemeente se hoofinkomste is uit gemeente dankoffers, wyksinsamelings en ander fondsinsamelingsfunksies

LERAARSPROFIEL:

n Roepingsbewuste persoon – deeglike en skerp Teologiese insig en gegrondheid – dinamiese en energieke bedieningstyl – goeie en gesonde menseverhouding. ‘n Leierskapstyl wat: pastoraal en deelnemend is. Verkieslik getroud. Aansoeker moet oor n bestuurderslisensie beskik.

LOGISTIEK:

Verblyf word voorsien en of huis subsidie
'n Vervoer toelae word betaal volgens die Streeksinode Vrystaat en Lesotho skaal.
Pligte soos vervat in Bepaling 22 van die Kerkorde en Reglemente van die Streeksinode Vrystaat en Lesotho.
Emolumente soos vervat in Bepaling 24.3 van die Kerkorde en Reglemente van die Streeksinode Vrystaat en Lesotho. Hoogstens kerf 2 word aangebied.
Verlof soos vervat in Bepaling 24.4 van die Kerkorde en Reglemente van die Streeksinode Vrystaat en Lesotho.
Mediese fonds word deur die Kerkraad aangebied op 50/50 basis.

AANSOEKE:
Verkieslik gelegitimeerde proponente maar alle leraars van die VGKSA wat geroepe voel om aansoek te doen vir bogenoemde vakante leraarspos, is welkom om dit te doen!

Aansoekers moet die volgende voorsien:

(a) Volledige CV
(b) Kort aansoekbrief oor u roepings-bewustheid en bydrae tot die gemeente.
(c) Twee (2) getuigskrifte van leraars binne die VGKSA.
(d) Alle dokumente moet gesertifiseer wees en nie ouer as drie maande nie, insluitend Akte van Legitimasie.
(e) Kortlys kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoud op die tyd, plek en datum soos deur die beroepingskommissie bepaal. Die gemeente sal 'n bydrae maak ten opsigte van reiskoste en of akkomodasie per kandidaat buite Bloemfontein. Die kandidaat moet ook 'n preek lewer op die Sondag.

Aansoek moet gestuur word aan:
Die Skriba: kantoor@vgkheidedalsuid.co.za

SLUITINGSDATUM:

Die sluitingsdatum vir die aansoeke is **09 September 2022 om 12H00**. Indien aansoeke onvolledig is kan die aansoek gediskwalifiseer word. Kerkraad behou die reg om nie uit die aansoeke n aanstelling te maak.

NAVRAE:
Dr E Baron – Selnr. 076 986 6244 - E-pos**: barone@ufs.ac.za**

Kobie Nel - 072 190 9201 – E-pos**: kobienel24@gmail.com of jacobus.nel@standardbank.co.za**

Die Here se leiding word u toegebid!